## GRAAD 12 GEDIG: 7

## pryslied – Antjie Krog

### A

| | |
|---|---|
| **SPREKER:** | |
| **TEMA:** | |
| **TOON:** | |
| **BOODSKAP:** | |

### B

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Enjambement | |
| 2 | Metafoor | |
| 3 | Vergelyking | |
| 4 | Personifikasie | |
| 5 | Retoriese vraag | |
| 6 | Assonansie | |
| 7 | Alliterasie | |
| 8 | Uitheffings= tegniek | |
| 9 | Ellisie (letter uitgelaat) | |
| 10 | Kontras | |
| 11 | Paradoks | |
| 12 | Onomotapee Klanknabootsing | |
| 13 | Inversie | |
| 14 | Herhaling | |
| 15 | Refrein/koor | |
| 16 | Progressive | |
| 17 | Tipografie | |
| 18 | Ellips (…) | |
| 19 | | |
| 20 | | |

***pryslied***

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
        uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

’n klein swart ster priem sy bolip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
        van ’n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heeltemal van mense
hy stig vrede
vrede, die ma van groot nasies

## C

| STROFES | REëLS |
|---|---|
| Koeplet | 2 |
| Tersine | 3 |
| Kwatryn | 4 |
| Sestet | 6 |
| Oktaaf | 8 |

**D**

| RYMSKEMA | |
|---|---|
| Paarrym | Aa bb cc |
| Kruisrym | Abab |
| Omarmde rym | Abba |
| Gebroke rym | Abcb |
| Vrye vers | Geen rym |

## E SINTUIE (*"SENSES")*

| | |
|---|---|
| **(ge)hoorsintuig** *("sense of hearing)* – wat jy hoor | **(ge)voelsintuig** *("sense of touch/feeling)* – wat jy kan voel |
| **(ge)sigsintuig** *("sense of sight")* – wat jy kan sien | **Reuksintuig** *("sense of smell")* – wat jy kan ruik |
| **Smaaksintuig** *("sense of taste")* | |